BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

KWOTASIE : VULLISVERWYDERING – GOEDVERWACHT : 2011

Skriftelike kwotasies word hiermee ingewag vir die lewering van dienste aangaande die verwydering van vullis te Goedverwacht. Die kontraktydperk is vanaf ***1 JULIE 2011 tot 30 JUNIE 2012***. Suksesvolle Kontrakteurs moet hul eie werktuie en personeel verskaf en besonderhede van werktuie en personeel moet by die kwotasie ingesluit word.

Daar sal van die suksesvolle Kontrakteur verwag word om **eenmaal per week** vullis by alle verbruikers te verwyder. Die Kontrakteur sal ook verantwoordelik wees vir die instandhouding van die vullisstortingsterrein tot bevrediging van die Omgewingsgesonheidsbeampte.

Kwotasies sal ingevolge die Munisipaliteit se Voorsieningskanaalbestuursbeleid en Voorkeurverkrygingsbeleid (80/20) geëvalueer word. Die nodige dokumente is gedurende kantoorure beskikbaar by Me M van Zyl by Tel. (022) 913 1126.

Voornemende tenderaars moet aan al die vereistes voldoen om binne een (1) week na die toekenning van die kwotasie as ’n verskaffer op Bergrivier Munisipaliteit se databasis te registreer.

Kwotasies in verseëlde koeverte en duidelik buite-op gemerk **"KWOTASIE: VULLISVERWYDERINGSDIENS – GOEDVERWACHT: 2011”** moet in die tenderbus by die Munisipale Kantore, Kerkstraat 13, Piketberg geplaas word teen nie later nie as **VRYDAG 3 JUNIE 2011 om 12:00.**

Kwotasies sal openbaar gemaak word op versoek van een van die tenderaars.

Pryse moet BTW insluit.

Geen kwotasie sal oorweeg word sonder ’n geldige en oorspronklike Belastingklaringsertifikaat soos uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.

Kwotasies wat laat ingedien word of kwotasies wat telegrafies-, telefonies, per teleks, faks of e-pos ingedien word, sal nie oorweeg word nie. Die Raad is nie gebind om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie.

Vir enige tegniese navrae kontak Mnr J Strumpher gedurende kantoorure by: Tel. 022 913 8020.

E. C. LIEBENBERG
MUNISIPALE BESTUURDER

MUNISIPALE KANTORE
KERKSTRAAT 13
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

MK 43/2011